Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 5/2025

14 Maart 2025

## Van die skoolhoof

*Liewe GSDP-gemeenskap*

**Kinders van God**

**1 Joh 1:1 "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie."**

Die Vader het aan ons 'n onbeskryflike groot liefde betoon deurdat ons wat van nature kinders van die sonde is en God se straf verdien, uit genade en om Christus se ontwil tot kinders van God aangeneem is.

Ons kindskap hou 'n diepe betekenis vir ons in.

**1. Dit bring rus in ons onrustige gemoed:** Dit bevestig dat ons 'n Vader het wat ons met liefde sal versorg met alle dinge vir hierdie en die toekomende lewe. Al lyk die lewe vir ons hoe uitdagend, ons het die vaste sekerheid dat ons Vader vir ons sal sorg. Dit word in Matt 7: 11 bevestig: "As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid". Sien ons nog sy troue sorg in elke dag se gewone dinge raak? Kos, klere, 'n huis, brandstof, gesondheid, liggaamskrag ens.

**2. Ons kindskap bring verantwoordelikheid mee:** Ons word geroep om so te lewe dat almal kan sien dat ons kinders van God is en nie kinders van die duiwel nie. Fil 2: 15 "Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra". Ons lewe inderdaad vandag tussen baie korrupte en ontaarde mense, ons hoef ook nie ver vir hierdie ontaarding te gaan soek nie, dit is dikwels selfs in ons midde teenwoordig. Laat ons elke dag bid dat die Here ons begenadig om lig te wees.

**3. Ons kindskap bied aan ons 'n ryke troos in beproewings:** Hebr. 12: 5 en 6 My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet". Wie 'n kind van God is, word ook deur Hom beproef, Hy doen dit omdat dit vir sy kinders nodig is en om hulle vaster aan Hom te bind. Rom. 8:28 "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."

Mag ons as kinders van God, begeer om Hom waarlik te ken en Hom waarlik te dien.

*Vriendelike groete*

Saskia Meijer



## Beplanner

- **14/03:** HS Pi-dag
- **14/03:** LS Verkoping: Veldskool
- **14/03:** Sparkle International vertrek na Nederland
- **15/03:** LS Bulletjierugby by LS Voorpos
- **24/03:** Gr.7 Veldskool vertrek
- **27/03:** GSF Oueraand
- **27/03:** KS Oueraand
- **28/03:** GSDP sluit
- **28/03:** Rapporte uit
- **28/03:** Gr. 7 Veldskool kom terug
- **4/04:** Sparkle International terugkoms
- **8/04:** GSDP open
- **10/04:** HS Oueraand
- **10/04:** LS Gr. 4-7 Oueraand

# Algemeen

## Laaste-dag reëlings

Die skool **sluit** vir kwartaal 1 op **Vrydag 28 Maart** om **11:00** vir Gr RRRR – Gr 12.

Leerlinge bring **periode 1 – 3** se boeke saam skool toe. Daar sal om **10:00** ‘n **gesamentlike saalafsluiting** wees. Leerlinge verdaag dan na hul onderskeie registerklasse waar rapporte uitgedeel word.

Die **skool heropen** weer op **8 April**.

## Blits-verkope

Baie dankie aan elke GSDP-ondersteuner vir hulle aankope by **Blits.** Ons skool ontvang R6 400 terug omdat u tydens u aankope noem dat u ’n GSDP-ondersteuner is!

## Dirkies-kouse

Die spoggerige **Dirkies-kouse** vorm deel van ons **sportdrag**. Ons moedig alle Dirkies aan om ‘n paar kouse te koop en te dra tydens sport deelname. Die kostes beloop **R80** en kan op die **webwerf** by die **Winkel** bestel word.



# Bybelse ete en vasvra

Wees sterk en vol moed

## Kom woeker met jou wapenrusting

*(Trek aan volgens die tema.)*

**11 April 2025**

**VRYDAG 17:00**

**Gk Wonderboom-Suid**



**R40 per hoërskoolleerling en volwassene en R20 kinders 13 jaar en jonger.**



# Laerskool

## Veiligheid op die terrein

Ouers word net weer herinner om ekstra aandag te gee aan die veiligheid tydens die **op- en aflaai** van kinders. Ry asseblief baie **stadig** en indien die op- en aflaai ‘n bietjie langer gaan neem, parkeer liewers. As dit nie vloei nie, dam die verkeer tot in Codonialaan op. Joseph doen sy bes om die verkeer mooi te reguleer, ons vertrou ook dat u sal saamwerk om dit so glad as moontlik te laat verloop.

## Sosiale drag

Laerskoolouers, u word net weer vriendelik herinner aan die verandering t.o.v. die **sosiale-drag** wat leerlinge op Vrydae kan dra. Die denimbroek word vervang met die **sport seilbroek** saam met die **gewone** sosiale-drag-hemp.

Ons besef die seilbroek is moontlik op 'n Donderdag vir 'n sportgeleentheid gedra en moet dan vinnIg vir Vrydag gewas word. Gelukkig word die seilbroeke gou droog. Daar is enkele dogters wie se ouers toestemming gevra het om 'n blou rompie te dra, dit word aan die wat dit versoek het toegestaan.

## Graad.7- Veldskool

Maart is herfs, Maart is amper vakansie, maar Maart is ook **VELDSKOOL**! Vir ‘n hele jaar het die huidige graad 7’s baie hard gewerk om fondse in te samel vir hierdie hoogtepunt.

Die groep vertrek DV **24 Maart** na **Adventure Peaks** om hierdie avontuur saam met Akademie Reformia en CCL te geniet. Ons wens julle asook die personeel ‘n voorspoedige en **geseënde veldskool** toe



# Sport

## Netbal

Ons meisies **oefen** baie mooi en getrou, dit is wonderlik om almal so ywerig te sien!

**0/8 en 0/9** spanne neem **Dinsdag, 25 Maart** aan 'n rondomtalie te **Northridge Primary** deel. Meer inligting volg.



# Hoërskool

## Veiligheid op terrein

Dit gebeur dikwels dat leerlinge na skool of na aktiwiteite **lank moet wag** voor hul opgelaai word. Hier is **nie toesig** op die Hoërskoolterrein na skool nie, so ons versoek u asseblief om u kinders **betyds** te kom haal (**ter wille van hul veiligheid**).

Leerlinge wat stap of fietsry skooltoe, wil ons ook vra om nie nog by die skool te bly as hul nie meer aktiwiteite het nie. Dit is nie veilig vir leerlinge om alleen op die skoolterrein te wees nie.



## Konsert

**Oefening** vind op **Vrydag, 14 Maart** en **Donderdag, 20 Maart tot 15:00** plaas. Daar sal geen konsertoefening wees op Donderdag, 27 Maart soos vroeër gekommunikeer nie.

Ons herinner u aan **skenkings** vir dekor vir die konsert. Ons is veral nog op soek na polistireen-glasies en enige afval polistireen. Skenkings kan by juf. Jokie ingegee word.

# Sport

## Hokkie

Ons het ’n **uitnodiging** ontvang om deel te word van **Hoërskool Oos-Moot** se **skolehokkiespan**. ‘n Ooreenkoms is aangegaan dat ons leerlinge opgeneem kan word in HS Oos-Moot se span, mits hulle aan die **vereistes** voldoen.

Daar is reeds ‘n paar van ons leerlinge wat daar oefen en ons wil graag alle **belangstellendes** (seuns sowel as meisies) aanmoedig en uitnooi om van die geleentheid gebruik te maak. Daar is wel **kostes** hieraan verbonde.

Kontak mev **Janine Heikens** vir meer inligting.



## Netbal

**Netbaloefening** gaan voort. Al die **liga-wedstryde** is reeds gefinaliseer en sal op die groepe versprei, sowel as op die webwerf se kalender aangedui word.

## Tafeltennis

**Liga-wedstryde** het reeds begin en ons spanne oefen hard. Wedstryde sal op die webwerf se kalender aangedui word.

Dankie vir die ouers wat bereid is om te help met **vervoer**!

# Edge Communications

## jou bemarking- en kommunikasievennoot.

Kommunikeer die regte boodskap, deur die regte kanale, aan die regte gehoor deur Edge Communications.

*Dink groot. Dink Edge Communications.*

Edge COMMUNICATIONS




### ONS SPESIALISEER IN:

- **Sosialemediabestuur**
  Betaalmedia advertensies
- **Grafiese ontwerp**
  Borsjures
  E-pos handtekening
  Embleem ontwerp
  Briefhoofde
  Korporatiewe template
- **Mediaskakeling en publisiteit**
- **Strategie ontwikkeling**
- **Bemarking**
- **Veldtogte**
- **Webontwikkeling en onderhoud**

**Kontak ons vandag vir 'n kwotasie:**
www.edgecommunications.co.za | info@edgecommunications.co.za | +27 81 233 8351



FRGutters
SEAMLESS GUTTERS | WATER BACKUP SYSTEMS | ROOF PAINTING

# Seamless Gutters, Gutter Cleaning, roof painting & Rainwater Harvesting

**Why Gutters:**
Beneficial to the structural well-being of a building. Prevent staining on exterior walls and fascia boards. The first step in controlling rainwater from your roof into a rainwater harvesting system is. Prevent moisture build-up in exterior walls. Prevent scouring of foundations. Prevent Home flooding. Provide aesthetic value.

**Why Seamless Gutters:**
Custom Made at your property. Very easy and quick to install. Only has joints on the corners meaning fewer positions to leak. Longer lifespan due to the quality of material and powder-coated paint. Aesthetically appealing & Comes pre-painted.



**Why Gutter Maintenance:**
Increase the longevity of the gutter system. Prevents moisture from leaking into the roof. Ward off pests. Avoid fascia damage.

**Why Rainwater Harvesting:**
You will have water during water shedding. Be a responsible citizen and conserve our natural resources. Save money on water consumption. Be part of your total system to get off the grid.

074 496 4713 | 074 496 4713 | info@frgutters.co.za | www.frgutters.co.za

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

www.arrienel.co.za

GRATIS AFLEWERING

# WELKOM IN ARRIE NEL *apteek* WÊRELD!

# TOTIUSDAL
## APTEEK

012 332 1911/2 | 061 549 2255 | totiusdal@arrienel.co.za

Codoniarylaan 779, Waverley, Pretoria



# CHALWIL ENGINEERING



No problem to big to solve!

## Our Services:

- ☑ Automotive Engineering
- ☑ Manufacturing componants
- ☑ Manufacturing gears
- ☑ Gear rebuilding






## Contact Us:

074 158 0765

69 Hardie Muller street,
Rosslyn,Pretoria


Wen jou Wetenskap en Wiskunde
Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:
• Vraestelle met Memo's @ R130
• Nifty Notas @ R130
Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240
Afleweringskostes @ R120
Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:
• Nifty Notas @ R130
• Flashy Flitskaarte @ R70
• Vraestelle met memo's @ R130
Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300
Win your Science and Maths
Grade 10 to Grade 12 Maths:
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130
Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!
Courier Costs @ R120
Grade 11 to Grade 12 Science pack:
* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130
All the Science goodies @ R300
https://wenwetenskap.co.za
Helena - 0845103373
hverwey@absamail.co.za


kleur.
Boutique
Specializing in:
Designer Formal Wear
Men Suites
Special Occasion Wear
Mother of the Bride | Matric Farewell
Exclusive Stockist of Anabel Nox
To Book:
Lisa Roux 072 402 0307
www.kleurboutique.co.za


Any Computer, internet, WiFi help and upgrades.
PR COMPUTERS
Call us today
0826915793
Ons praat jou taal!

# Snapscan Kodes

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-SKOOLFONDS**

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-BOUFONDS**

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

